# HOËRSKOOL PORTERVILLE

**KWARTAALBRIEF 2/2023**

tel: 022 931 2174 | e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

www.hsporterville.com Hoërskool Porterville hsp_bulle

## Uit die hoof se kantoor

Geagte Ouers en Leerders

Na die afgelope tyd se goeie reën is ons dorp en omgewing prentjiemooi en ek glo dat al is daar nog baie wat moet gebeur - die vooruitsig van goeie oeste vir ons landbougemeenskap wel daar is. Ook by Hoërskool Porterville was dit 'n baie geseënde kwartaal met leerders wat op akademiese-, kultuur- en sportgebied baie mooi presteer het.

Ten spyte daarvan, is ons net weer herinner aan hoe broos die wêreld is waarin ons leef met die afsterwe van Andreah Schreuder. Ons harte is nogsteeds stukkend en haar ouers en familie bly in ons gebede.

Dit laat my vir 'n oomblik stilstaan en wonder: wat maak ons met dit wat ons het? Dit wat die Here vir ons leen vir 'n kort tydjie? Soos die gelykenis in die Bybel waar Jesus vir ons vertel van die eienaar wat vir sy drie arbeiders munstukke gee. Vir die een gee hy 10 muntstukke, die volgende een kry 5 muntstukke en die laaste een kry slegs 1.(Joh. 25:14-30)

Kinders is geskenke uit die Here se hand. Kinders word vir ons as volwassenes gegee. Ek glo dat ons Hemelse Vader, nes die eienaar van die gelykenis, eendag gaan terugkom en rekenskap eis van elkeen van ons oor dit wat Hy aan ons toevertrou het.

My liewe vriend en vriendin, hoeveel investeer jy in jou kind/kinders? Hier praat ek nie nou van geld en ander aardse goed nie, maar van tyd, liefde, omgee, aanmoediging, karakterbou en die belangrikste: die geestelike kos wat só nodig is. Kinders het 'n groter behoefte aan 'n voorbeeld as aan kritiek. Iemand het eendag vir my gesê dat van al jou besittings, is dit net jou kinders wat jy kan saamvat Hemel toe.

***"Daar is waarskynlik niks wat 'n kind so aanmoedig om die lewe lief te hê, te presteer en selfvertroue te kry, as opregte lof nie - nie vleitaal nie, maar eerlike komplimente as hy dit verdien." - John Drescher***

Aan elke HSP-leerder - mag jy 'n baie lekker vakansie hê. Aan al ons ouers, mag julle jul geskenke van die Here geniet. Aan ons Matrieks - rus lekker uit! Kwartaal 3 gaan verby vlieg. En aan HSP se ongelooflike personeel: maak tyd vir jouself en jou familie.

Groete Cobus Louw

## 2. SKOOLHEROPENING: 18 Julie 2023

Skool heropen: Dinsdag, 18 Julie 2023

Graad 1 – 12: 07:30 – 14:00

Die skool begin met **DINSDAG** se rooster.

## 3. PERSONEEL

BEHEERLIGGAAM PERSONEEL WAT HSP VERLAAT:
Mnr Francois Möller (Bemarking/fondse) *Aanstelling moet nog gemaak word.*
Me Melanie de Beer (GF Leerondersteuning) word vervang deur Odile Floris.

WKOD PERSONEEL WAT HSP VERLAAT:
Me Ester de Jager (Fasehoof GF & Gr. 3) word vervang deur
Me Hetta van der Merwe.
Me MS Steyn (Matrone Huis van Riebeeck) *Aanstelling moet nog gemaak word.*

HUWELIK:
Me Ninien Breytenbach gaan op Saterdag, 24 Julie 2023 in die huwelik tree met Mnr Kiffie Saayman.

## 4. LEERDERBYWONINGSBELEID

Graag bring ons net weer die volgende onder u aandag: Indien 'n leerder 10 (tien) dae aaneenlopend afwesig is, daar kontak met die ouers beding is, en daar geen rede of versoening aangebied word nie, sal so 'n leerder onmiddellik vanaf SOBIS verwyder moet word. So 'n leerder sal dan heraansoek moet doen om toelating tot die skool.

## 5. RAPPORTE / ASSESSERINGSVERSLAE

U sal saam met hierdie omsendbrief 'n rapport/assesseringsverslag ontvang. Daarin kan u sien hoe u kind gedurende hierdie kwartaal akademies gevorder het. Bespreek dit asseblief met u kind. Diegene wat nie so goed presteer het nie, sal 'n besluit moet neem om volgende kwartaal meer getrou te werk. Vergewis uself asseblief van die KABV slaagvereistes vir die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en VOO Fase.

Grondslagfase: Gr. 1-3
- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiksunde Vlak 3 ten minste 40%

Intermediêre Fase: Gr. 4-6
- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 3) ten minste 40%

Senior Fase: Gr. 7-9

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 2) ten minste 30%

VOO Fase: Gr. 10-12

- Huistaal Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 2) ten minste 30% - met dien verstande dat die SBA komponent ingehandig is vir die vak wat nie geslaag is nie.

Ons vestig u aandag daarop dat u asseblief u kind(ers) se rapporte/assesseringsverslae moet onderteken en op **Dinsdag, 18 Julie 2023 na die skool terugstuur**.

**6. OUERAAND**

Daar sal 'n oueraand gehou word vir die Senior en VOO fase, 25 Julie 2023 om u kind se vordering met u as ouers te bespreek. Laerskool oueraand sal per uitnodiging wees. Hou asseblief die weekbrief dop.

**7. SKOOLKLERE**

Leerders begin 18 Julie 2023 met wintersdrag.

**8. SPORT OEFENING**

Sport oefening neem in aanvang op Dinsdag, 18 Julie 2023 soos aangedui op middagrooster.

**9. RUGBY**

Die volgende spelers is opgeneem in hul onderskeie provinsiale rugbyspanne:

**Boland O/18 rugbyspanne:**

**CRAVENWEEKSPAN**:
Ricky Lesch
Jandro Phutego
RW Duggan
Brendon September
Callum van Staden

**Boland O/16 Grant Khomo:**
Joshua Steenkamp

**Boland O/13 Akademie rugbyspanne:**

Warona Modise
Lyle Pieters

## 10. NETBAL

Die volgende persone is gekies vir hul onderskeie netbalspanne:

**Wes-Kaap Oaks Netbalspan**:
o/17: Casey Primus

**Weskus Interdistriksnetbalspanne:**
o/12: Riana Valentine
o/14: Jacqlin Visagie
o/18: Leandri du Plessis

## 11. BUITE SKOLE SPORT

**Nasionale Skaapskeerkampioenskap:**
Anja Cruywagen (Gr. 12) 5de plek

**Nasionale Rolbalkampioenskappe:**
Paula Viljoen (O/18A span) verwerf 'n Silwer medalje
Eljana Kayser (O/18B span) behaal algehele 15de plek
Jacques Kayser (O/15A span) behaal algehele 9de plek

## 12. LSO EISTEDDFOD

Hierdie jaar het HSP se leerders besonder goed gevaar tydens Laerskool Olifantsvallei Eisteddfod. HSP presteer as volg:

| | |
|---|---|
| 25 | Cum Laude |
| 59 | Goud |
| 24 | Silwer |
| 11 | Brons |

## 13. WEEKPROGRAM

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag, | 18 Julie | - | Skool open |
| Woensdag, | 19 Julie | - | |
| Donderdag, | 20 Julie | - | O/12 rugbyproewe |
| Vrydag, | 21 Julie | - | |
| Saterdag, | 22 Julie | - | Rugby en Netbal vs Dirkie Uys (weg) |

Aangeheg vind u die voorlopige kwartaalprogram en middagrooster vir die derde kwartaal. Geniet die vakansie saam met u kinders.

Vriendelike groete

Mnr. JJ Louw
SKOOLHOOF

## VOORLOPIGE 3DE KWARTAAL 2023

| | | |
|---|---|---|
| **Junie** | **23** | **Skool Sluit** |
| | 24 | "All Ages" Netbal begin |
| **Julie** | 09-14 | 0/19 Rugby – Hartenbostoer |
| | 17 | 0/16 Rugby – HS Stellenbosch (T) |
| | **18** | **Skool Begin** |
| | | 0/13 Rondte 1 Platteland 7s Rugbyproewe – HS Piketberg |
| | 20 | 0/12 Rondte 1 Platteland Rugbyproewe – Steynville Pr |
| | 22 | Rugby en Netbal – Dirkie Uys (W) |
| | 26 | 0/12 Finale Platteland Rugbyproewe – HSP |
| | | 0/13 Finale Platteland 7s Rugbyproewe – HSP |
| | 29 | Rugby en Netbal – Vredenburg (W) |
| **Augustus** | 05 | Rugby en Netbal – Augsburg (T) |
| | | 0/12 Wes-Boland Rugbyproewe – LS Swartland |
| | 08 | HS Rugby en Netbal – Ceres Sek (T) |
| | 09 | Vrouedag |
| | 10 | Interskole Sokkie en Kaperjol |
| | 12 | 0/13 Wes-Boland 7s Rugbyproewe - HSP |
| | 16 | LS Big Brag en Capping |
| | 17 | HS Big Brag en Capping |
| | 18 | HSP Big Brag |
| | 19 | Rugby en Netbal Interskole (W) |
| | 25 | Matriekafskeid |
| | | 0/12 Boland Rugbyproewe |
| | 26 | 0/12 Boland Rugbyproewe |
| | | WCOC Rally – Tierkloof |
| | 29 | Individuele- en Groepfotos |
| | 30 | Groepfotos |
| **September** | 04 | VRL verkiesing begin |
| | 09 | Bulle Gholfdag |
| | 15-17 | HS VRL-Kamp |
| | 22 | LS Weskus Tennisproewe – Moorreesburg en Vredendal |
| | 23 | 0/13 Six a side Kriekettoernooi - HSP |
| | 26 | LS Karnaval |
| | 27 | Gr9 en 11 belangstellingstoetse |
| | **29** | **Skool Sluit** |
| | | Bullebond - Vroueaand saam met "Mel, Die Storieverteller" |

## Middagrooster : 3de Kwartaal - 2023

### Maandag

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| Gholfliga | | | |
| FW (Gr.12) | 14:15 | - | 15:00 |
| Senior Koor | 14:30 | - | 15:30 |
| 0/12 en 0/13 Netbal | 14:30 | - | 15:45 |
| H/S Netbal | 16:00 | - | 17:15 |
| H/S Rugby | 16:00 | - | 17:30 |
| 0/19A Rugby | 16:00 | - | 17:45 |
| Top 10 Netbal | 16:15 | - | 17:45 |
| VCSV kringleiers | 18:15 | - | 18:55 |

### Dinsdag

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| Wisk (Gr.8, 9, 10) | 14:15 | - | 15:15 |
| L/S Rugby en Netbal | 14:30 | - | 15:45 |
| H/S Netbal | 16:00 | - | 17:15 |
| H/S Rugby | 16:00 | - | 17:30 |
| 0/19A Netbal | 16:00 | - | 17:30 |
| 0/19A Rugby | 16:00 | - | 17:45 |

### Woensdag

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| RTT (Gr.11) | 14:15 | - | 15:15 |
| Wisk (Gr.12) | 14:15 | - | 15:15 |
| Senior Koor | 14:30 | - | 15:30 |
| 0/13 Rugby | 14:15 | - | 15:30 |
| 0/19 Rugby | 16:00 | - | 17:45 |
| Top 10 Netbal | 16:15 | - | 17:45 |

### Donderdag

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| Wisk (Gr.11) | 14:15 | - | 15:15 |
| L/S Rugby en Netbal | 14:15 | - | 15:30 |
| H/S Netbal | 16:00 | - | 17:15 |
| H/S Rugby | 16:00 | - | 17:30 |
| 0/19A Netbal | 16:00 | - | 17:30 |
| 0/19 Rugby | 16:00 | - | 17:45 |


A CHILD'S
SHOULDERS
WERE NOT
BUILT TO
BEAR THE
WEIGHT OF
THEIR
PARENTS'
CHOICES
tobyMac #SPEAKLIFE